

## 1. VERWARRENDE TERMINOLOGIE.

Gangbare woordgebruik verraai dikwels dat die begrip van die sogenaamde „meerdere vergaderings” nie altyd helder is nie. So lui die opskrif van die Handeling van die Sinode van 1964: „Handelinge van die 35e vergadering van die Sinode”, i.p.v. die „35e Sinode” en gee dus te kenne dat die Sinode ’n permanente vergadering met verskillende sittings soos die Parlement sou wees. In Nederlandse tydskrifte was gepraat van „die vergadering van die klassis . . . der Gereformeerde Kerken, gehouden op . . . te . . .” en die notule van ’n vorige klassis word op die volgende goedgekeur. Dit is dus ook skynbaar ’n permanente vergadering, waarvan slegs die personeel wissel.

Die gedagte aan ’n permanente vergadering word ook gewek wanneer iemand op ’n klassis of sinode praat van „die lede van hierdie vergadering” (asof die aanwesige persone in plaas van die betrokke konstituerende en mandaatgewende vergaderings die betrokke „meerdere vergadering” saamstel); iemand sal sê: „maar hierdie vergadering het twee jaar gelede oor die saak so besluit” (i.p.v. ’n vorige klassis . . .” of „die Part. Sinode van 1965 . . .”); stukke word geadresseer aan „Die Klassis X, in sitting (of vergader) te Y” terwyl „Die Klassis X, te Y”, alles kon gesê het; volgens art 41 K.O. is ’n klassis ’n vergadering van naburige kerkrade en gevolglik is dit ’n tautologie om te praat van die „vergadering van die Klassis X” of van die „klassisvergadering”. Dit is genoeg om te sê „Klassis X”.

Die idee van permanente „meerdere vergaderings”, wat soos kerkrade bestaan, word ook gewek wanneer ’n volgende klassis eers moet kennis neem van ’n besluit van ’n Part. Sinode (asof dit nie sy besluit in sy deputate aldaar was nie), of wanneer ’n klassis appelleer teen ’n besluit van ’n Part. Sinode, omdat die besluit van ’n vorige klassis ter syde gestel is. In hierdie begrippe skuil die gevaar van selfstandige, naasmekaar en teenmekaar werkende regs persoonlikhede, wat ons „meerdere vergaderings” noem.

Die argument van J. B. van Rongen sr.<sup>1</sup> verdien in elk geval oorweging wanneer hy sê „dat een *vergadering*, bv. een klassis, of de P.S. *nooit* een beroep kan doen op een meerdere vergadering. Een (meerdere) vergadering, die slechts korte tijd wordt gehouden en op een ander tijdstip opnieuw en met ander afgevaardigden wordt saamgeroepen. Dan is het weer een *heel andere* vergadering. Zelfs een kerkeraad (die wel een vast lichaam is, kan slechts één maal een beroep doen . . . (E)en classi, en ik herhaal dit, een eenmalige vergadering, kan zich niet beroepen op een meerdere vergadering.” Hy meen dus dat die persone wat die saak op ’n volgende klassis te berde bring met die gedagte dat „die klassis” moet appelleer, reeds self die appél moes gedoen het. As ons hom reg vertolk, meen hy dus dat ’n klassis, wat in wese ’n tydelike vergadering is, nie ’n „iemand” in terme van art. 31 K.O. kan wees nie.

Die argumentasie is waarskynlik te kategories maar wanneer ’n reeds geslote en verdaagde klassis as ’n appellant by ’n Nasionale Sinode optree, gee dit tog die indruk dat ons in die klassis met ’n durende regs persoonlikheid te doen het. Gevolglik vra die opinie van Van Rongen tog

rekenskap oor die vraag of ons Gereformeerde dogma en kerkregtelike teorie ook ons praktiese terminologie en handelinge beheers.

In die behandeling van die vraagstuk van die gesag van die sogenaamde „meerdere vergaderings“, sal ons dus kortliks aansluit by die dogma, en daarna handel oor die doel, die wese en die gesag van die sogenaamde „meerdere vergaderings“, naamlik die Klassis, Partikuliere Sinode en Nasionale Sinode.

## 2. AKSIOMATIESE VERONDERSTELLINGS.

Wanneer die veld afgebaken word om oor die gesag van die „meerdere vergaderings“ te handel, moet sekere fundamentele begrippe noodwendig bekend veronderstel word. By wyse van voorbeeld noem ons die volgende:

a. *Die dogma oor die kerk as 'n vergadering van gelowiges, wat wortel in die verkiesing van God.* Hier het ons te doen met die universele kerk (die liggaam of gemeente van Christus) wat in die plaaslike kerk (die gemeente op 'n bepaalde plek in 'n bepaalde tyd) openbaar word. Daar is 'n onlosmaaklike verband tussen universele en plaaslike kerk wat ook vir die kerkverband van betekenis is. Die gelowiges is een in Christus. Die kerkverband maak hulle nie één in Christus nie. Van die hand van prof. W. J. Snyman het onlangs in *Die Kerkblad* en in sy bekende rede van 1948 reeds insiggewende Skrifgegewens in dié verband verskyn<sup>2</sup>. Tog moet, wanneer ons let op die gebruik van die woord „kerk“ in radio-nuusberigte, artikels, ens., opgemerk word dat dié woord in die spreektaal geen omlynde konotasie in die sin van vergadering van gelowiges het nie. Die verwarring in so 'n tegniese begrip weerspieël hom noodwendig in die kerkregtelike besinning.

b. *Die dogma oor die regering van die Enigste Hoof en Regeerder van die Kerk, Christus, deur middel van sy Woord.* Calvyn<sup>3</sup> het gesê: Die Here regeer in sy kerk en wel deur Sy Woord. Hy woon egter nie in sigbare gedaante onder ons om sy wil aan elkeen bekend te maak nie, maar gebruik hiervoor die diens van mense.

Hierdie beginsel het 'n bepalande beperking vir die kerkregering. Die regeerder in die kerk is nie mense nie, nie die kerkraad of 'n sogenaamde „meerdere vergadering“ nie, maar Christus deur middel van sy Woord en Gees. Derhalwe is die kerklike „amp“ nie 'n selfstandige waardigheid nie, maar 'n „bediening van Christus“, en die gesag gebonde aan die mandaat van die Sender. Dit beteken dat daar prinsipiël geen verskil is tussen die gesag van ampsdraer, kerkraad of „meerdere vergadering“ nie. Wanneer die gesag van Christus deur middel van sy Woord heers, is dit oral dieselfde en gelyke gesag, naamlik dié van die Hoof van die Kerk. Van groter of hoër gesag kan alleen sprake wees wanneer die gesag uit die organe van wie Christus hom bedien, afgelei word.

c. *Die dogma in die Nederlandse Geloofsbelydenis oor die drie onderskeie ampte en die kerkraad*<sup>4</sup>. In hierdie verband is dit gevaarlik om in die kerkregering van die begrip „ampsdraers“ in plaas van die Skriftuurlike begrippe presbuteros (oudste) of episkopos (opsiener) en gevolglik die Raad van die Kerk (presbutèrion, 1 Tim. 4:10), uit te gaan. Die verswakking van die begrip van die regerende bediening van die Woord deur die oudstes, verlaag en sekulariseer kerkregering tot iets wat vergelyk met die

bestuur van 'n vereniging deur sy ampsdraers. Wanneer „ampsdraer” sondermeer leraars, ouderlinge en diakens insluit, wis dit die onderskeiding in die bediening uit. 'n Mens kry soms die indruk uit jonger kerkregtelike geskrifte dat „amp” 'n waardigheid (status) geword het wat op grond daarvan aanspraak op kerkregering in enger sin kan maak. Hoewel dr. A. D. R. Polman<sup>7</sup> aangetoon het dat die Reformatoriese geskiedenis geen steun bied vir die argument dat art. XXX N.G.B. die diakens by die enger kerkregering reken nie, beweeg verskillende Gereformeerde Kerke tog in die rigting. By ons in Suid-Afrika geskied dit veral ten opsigte van sommige aspekte van die enger kerkregering wat in die Breë Kerkraad betrek word.

Dit is van groot belang om te weet dat die Konfessie in geen enkel woord 'n „meerdere vergadering” *naas* die „kerkraad” bely nie. Daar kan dus geen bipolêre struktuur van kerkraad en selfstandige meerdere vergaderings wees nie. Laasgenoemde moet hulle plek vind in die struktuur van die kerkraad. Miskien kan die uitgangspunt dus so gestel word: In die kerk (gemeente) regeer Christus apriories deur sy Woord; in hierdie aprioriese regering bedien Hy Hom van herders (oudstes); daarvoor kom hulle (afgesien van hulle individuele bediening) ook saam in 'n kerkraad, sodat die kerkraad self t.o.v. die amp 'n aposteriores (maar nietemin noodsaaklike) verskynsel in die kerkregering is; wanneer die kerkraad met die oog op die heerskappy van Christus met sy Woord in die kerk (gemeente) met ander kerkrade vergader, ontstaan geen nuwe apriorie nie, maar slegs 'n sekondêre faset in die regering van die kerkraad in die kerk.

Waar die kollegialisme die *vergadering* (Sinode of kerkraad) tot uitgangspunt vir die kerkregering neem en daarvolgens die gesagsverhoudinge bepaal, neem die Gereformeerde kerkregering die bediening van Christus deur die *herdersamp* as uitgangspunt. „Ampsdraers” se ampsbevoegdheid is gebonde aan die plaaslike kerk.

d. *Meerdere vergaderings is nietemin noodsaaklik.* Dit volg uit art. XXXII van die N.G.B. Die Kerkorde, wat aan die Konfessie praktiese uitvoering gee, maak daarom voorsiening vir sogenaamde „meerdere vergaderinge tot die plaaslike kerk en die betrokkenheid van dergelike vergaderinge by die kerkraad, terwyl die gesag beperk word tot die dinge „wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het”.

In art. 41 Kerkorde word 'n klassis gevolglik tereg gedefinieer as „'n vergadering van naburige kerke”, terwyl dit meer korrek sou wees om te paat van „'n vergadering van naburige kerkrade”<sup>8</sup>, want al die gelowiges (naburige kerke) kom tog nie hier saam nie.

### 3. DIE DOEL VAN KERKVERGADERINGS VAN MEER KERKRADE.

In Genève is geen kerkverband in meerdere vergaderinge onderhou nie. Die kerkraad het alle sake behartig. Die kerkregering was nie daarom inkompleet nie. Calvyn het nogtans in sy advies aan die Franse Kerke, wat ons na 1568 in die Nederlande terugvind, vergaderinge van eners-belydende kerkrade wenslik en noodsaaklik geag met die oog op die heerskappy van Christus deur sy Woord en die bevordering van die eenheid in 'n ware geloof in die kerke (vergaderinge van gelowiges). Die kerkverband word dus ook terwille van die kerke onderhou.

Die „meerdere vergadering” word nie daargestel om ’n kerklike eenheid of ’n nuwe groter „kerk” te verwesenlik of te demonstreer nie, omdat dit op die bestaande eenheid rus. Die eenheid word in die gemenskaplike belydenis uitgedruk. Dit is foutief om soos talle moderne ekumeniese rigtings te beweer dat organisasie of kerkverband „iets” van die universele kerk verwesenlik. Die universele kerk is voorwaarde vir en nie gevolg van die kerkverband nie. Die ontwikkeling van die kerkverband in die Nederlande vanaf die Sinode van Emden in 1571 toon dat elke vergadering waar afgevaardigdes van kerke teenwoordig was eers die eenheid van geloof, hoewel nie enersheid in Formuliere nie, vasgestel het en op grond daarvan die orde of organisatoriese eenheid gereël het. Daarna is ander sake en vraagstukke van regering, soos korrespondensie met die owerheid, bestryding van sektes, pousdom, openbare sondes, ens., kragtens die organisatoriese eenheid ter hand geneem.

Die Kerkorde is dus ’n „gemeen akkoord” op sterkte waarvan gesamentlik sekere sake in kerkverband hanteer word. Die Kerkorde is ondergeskik aan die Belydenis terwyl laasgenoemde aan die Skrif onderworpe is. Nogtans is die Kerkorde apriories t.o.v. enige ander besluit in kerkverband geneem, omdat dit die akkoord is waarop die kerkverband rus en waarin die regte van lidmaat, kerk en kerkvergaderings beskerm is. Gevolglik word die Kerkorde saam met Skrif en Belydenis in art. 31 K.O. as ’n grond van appél genoem. Hierdie reg van appél toon baie duidelik dat die kerkrade ook met mekaar in kerkverband vergader om die heerskappy van die Skrif, die Konfessie en so die eenheid van die gelowiges in Christus te bevorder. Die Kerkorde bepaal gevolglik hoe die kerkrade met mekaar saam in vergaderings van „meer kerkrade” optree met onderlinge toesig, approbasie, advies, visitasie en selfs tot ’n korrekatief, koöperasie, ens., maar nooit om selfstandig, los van en naas die kerkrade op sekere kerklike terreine te fungeer nie.

#### 4. DIE WESE VAN ’N MEERDERE KERKVERGADERING.

Die duidelikste definisie van ’n Gereformeerde meerdere kerkvergadering is van Voetius afkomstig: *conventus legitime constans ex delegatis plurium ecclesiarum* (’n wettige samekoms bestaande uit afgevaardigdes van meer kerke).

Hierdie definisie kan met twee brille gelees word. Die ouer canonici soos A. Kuyper, H. Bouwman, F. L. Rutgers en andere plaas die nadruk op die *kerke*. Rutgers sê „in de personen waren dus de Kerken zelve daar alle bijeen” en „Een kerkraad is een vergadering van personen, nl. ambtsdragers eener plaatselijke kerk . . . Maar een classe bestaat uit afgevaardigden der genabuurd kerken”. Die bewys dat wesenlik kerke saamkom, word gelewer deur die geloofs- of lasbriewe wat die konstituering van die meerdere vergadering bepaal. Daardie briewe gee mandaat en instruksie aan die afgevaardigdes van elke sendende kerk en bevat ’n onderneming van die sendende kerk om die besluite na te leef, asof die kerkraad in die vergadering teenwoordig was en die besluite geneem het.

Weliswaar sê die Kerkorde dat die persone wat die kerke verteenwoordig ook predikante en ouderlinge moet wees. Hierdie bepaling is vir die ouer canonici ’n sekondêre orde-reëling tussen die kerke. Die kerke kan in uitsonderlike en noodsaaklike gevalle (bv. wanneer die kerk

in 'n lewensbelangrike beslissing afwesig sou moes wees of dat geen ampsdraer vir deputering beskikbaar is nie) hulle deur 'n vooraanstaande broeder (prohistanos) laat verteenwoordig. Die primêre vraag by die konstituering is dus gerig op die wettigheid van die deputaat se afvaardiging om sy sender te verteenwoordig en nie op sy amp in die plaaslike kerk nie. Die verteenwoordiger van 'n kerk gaan volgens art. 41 K.O. *in* maar nie „krachtens hun ambt” nie<sup>10</sup>.

Hierteenoor vind 'n mens in ons kerklike praktyk dat die mees essensiële by die konstituering van 'n meerdere vergadering, naamlik die geloofsbrief, die minste aandag geniet, terwyl die minder belangrike, nl. wie teenwoordig is, beklemtoon word. Dit gebeur selde dat 'n geloofsbrief se inhoud deur die Roepende Kerkraad voorgelê word. Die gedrukte vorms bevorder ligtelik 'n begripserosie. Dit gebeur dat vir 'n deputaat sittingsreg- namens 'n kerk bepleit word wanneer die geloofsbrief ontbreek, op grond daarvan dat hy predikant of ouderling in die betrokke kerk is.

Die beginsel is egter dat die plaaslike kerke die kerkverband saamstel. Al die lede van 'n kerkraad sou na 'n meerdere kerkvergadering kon gegaan het<sup>11</sup>. Omdat dit egter onprakties is, word die beginsel van verteenwoordiging deur gemagtigde deputate (vgl. die inhoud van 'n geloofsbrief) gevolg. Die verteenwoordiger bly gevolglik gebonde aan die opdrag of las van die kerk wat hom stuur<sup>12</sup>. Sodra die magtiging in die geloofsbrief oorskry word, is die besluit van die „meerdere vergadering” tegnies *ultra vires*. „De kerken . . . spreken door haar afgevaardigden haar oordeel uit. Om die reden moet de afgevaardigden met lastbrieven voorzien zijn . . . Dat is geen ijdele formaliteit, maar noodig omdat daardoor het karakter van een meerdere vergadering bepaald wordt”<sup>13</sup>. Kerke kan dus selfs, veral tydens 'n leergeding, deur middel van 'n *mandat imperativ* aan sy verteenwoordigers voorskryf hoe hulle moet stem<sup>14</sup>. Daar is geen vaste en eenvormige vorm vir 'n lasbrief nodig nie, mits die essensiële binding aan die Skrif, Belydenis en ook die Kerkorde<sup>15</sup> daarin opgeneem is en die volmag duidelik is.

Hierdie duidelike en logiese vertolking van die wese van 'n vergadering van *meer* kerkrade, wat ons daarom „meerdere vergadering” noem, het in Nederland na die proefskrif van Marius Bouwman, met prof. H. H. Kuyper as promotor, 'n ernstige knou gekry. Die definisie van Voetius is met 'n ander bril gelees en beweer dat die ouer canonici Voetius verkeerd vertolk het<sup>16</sup>. Hy plaas die aksent op die „*delegatis*”<sup>17</sup> en sê: „Het kerkelijk gezag berust bij de kerken zelve, die het uitoefenen door de ambtsdragers (a) plaatselijk in den kerkeraad (b) gezamenlijk in de meerdere vergaderingen. . . die bestaan uit afgevaardigden der kerken . . .”<sup>18</sup>. Die amp is „naast de delegatie een wezenlijk kenmerk der meerdere vergaderingen”<sup>19</sup>. Volgens hom gaan die deputaat *in* afvaardiging maar *kragtens* sy amp.

Dit moet goed raakgesien word dat die aksent nog weer van die begrip „*delegatis*” na die meer aprioriese „amp” verskuif word. Die delegaat se bevoegdheid hang af van sy delegasie, terwyl die ampsdraer sy bevoegdheid aan Christus ontleen. Dit baan die weg vir 'n kerkregtelike grondverskuiwing. Dit word nou naamlik moontlik om uit aanwesige „ampsdraers” van kerkrade oorspronklike gesag vir selfstandige kerkvergaderings los van en naas die kerkrade af te lei.

Die kollegialisme, wat die liberale filosofie tot op sekere hoogte in die kerkregering toepas, aanvaar dat die liggaam wat stuur sy mag „delegeer”

op die ampsdraer van die kollegium. Die „ampsdraer“ kan in sy amp wat hy aan die kollegium ontleen, namens en vir die liggaam optree. Die jonger Bouwman sê dat 'n afgevaardigde ook die ander ampsdraers verteenwoordig wat hom gemagtig het<sup>20</sup>. Hier word dus 'n stap na links gedoen, wanneer gesag en mag vir die persone in 'n „meerdere vergadering“ uit die delegasie afgelei word. Die delegaat is dus nie meer verteenwoordigend van en gebonde aan sy sender nie, maar word kragtens sy amp selfstandig in die delegasie en kan optree asof hy self nou die sender is<sup>21</sup>. Die prinsipiële onderskeiding tussen „afgevaardigde“ en „ampsdraer“ word op die terrein van kerkverband gevolglik by M. Bouwman uiters vaag en kan lei tot die kollegialistiese begrip omdat ampsbevoegdheid buite die plaaslike kerk in die kerkverband uit die opdrag van die vergadering afgelei word. Die selfstandigheid van die afgevaardigde kragtens sy amp teenoor die kerkraad wat hom na die meerdere vergadering stuur (volgens M. Bouwman se opvatting) kan selfs aanleiding gee tot vertolkings in die rigting van die Roomse opvatting t.o.v. die primaat van die pous in sy amp vir die hele Roomse Kerk.

M. Bouwman argumenteer dat die afgevaardigdes na „meerdere vergaderings“, wat vir hom selfstandig naas die kerkraad bestaan, hulle ampsbevoegdheid „voor het geheel der kerken in de meerdere vergadering“ met gesag uitoefen<sup>22</sup>. Dit weerspreek die opvatting van die ouer H. Bouwman dat „alle amtsdragers dienaars eener plaatselijke kerk“ is en „buiten die kerk, die zij dienen, geen macht“ besit nie<sup>23</sup>.

Dit is verder van betekenis dat M. Bouwman met die begrip „ampsdraer“ opereer, terwyl die Skrif seker van „ouderlinge“ of „opsieners“ spreek. Hy sê: „de besturende macht berust dus . . . bij amtsdragers“ wat volgens art. 84 D.K.O. „bekleed zijn met gelijke macht“. Hierdie uitgangspunt is van groot betekenis vir die begrip van die wese van meerdere kerkvergaderings. Indien die vergaderings wesenlik byeenkomste van ampsdraers, al is dit op grond van afvaardiging, word, is hulle in wese iets anders as samekomste van kerke deur middel van hulle wettige afgevaardigdes. Die ouer canonici sê 'n meerdere vergadering is „niet eene vergadering . . . van personen (gelijk de kerkeraad . . .) maar eene vergadering van Kerken, alzof deze alle . . . aldaar zelve tegenwoordig waren“<sup>24</sup>. Daarbenewens moet volgens die opvatting van M. Bouwman alle ampsdraers, dit wil sê ook diakens, in 'n selfstandige meerdere vergadering naas die kerkraad verteenwoordig word, terwyl volgens die ouer canonici primêr alle kerke verteenwoordig word.

Ons meen dat die feit dat kerkrade volgens Voetius voltallig of deur middel van afvaardiging in 'n „meerdere kerkvergadering“ self teenwoordig is, bewys dat daar geen nuwe klassikale of sinodale gesag (wat volgens M. Bouwman selfs groter is) naas die kerkraad ontstaan nie. Die gesag t.o.v. die kerk as vergadering van gelowiges in die „meerdere vergadering“ bly wesenlik dié van die kerkraad wat daar saam met ander kerkrade besluite wat vir die gemeente van belang is, neem.

Die grondverskuiwing wat M. Bouwman met sy proefskrif in die kerkregtelike denke in Nederland veroorsaak het, spreek uit die skerp meningverskil en kerkskeuring tussen Gereformeerdes „Sinodaal“ en „Vrygemaak“ oor vraagstukke soos die tugreg van meerdere vergaderings. Die verwarrende terminologie en meningsverskille in debatte verrai dat

daar ook in Suid-Afrika 'n neiging bestaan om „meerdere vergaderings” selfstandig en durend, met 'n eie en selfs groter gesag, naas en oor die kerkrade te beskou, waarvan die afgevaardigdes eerder as die deputerende kerkvergaderings die „lede” is.

## 5. DIE BENAMING MEERDERE VERGADERING.

Die term „meerdere” is uit Nederlands ontleen en wek in Afrikaans ongetwyfeld eerder die gedagte aan meerwaardige as aan meertallige; groter eerder as meer. Dit bevorder die rigting van M. Bouwman. Daarbenevens word die woord „kerk” in Afrikaans feitlik nie, behalwe in kerkregtelike sin, vir die kerkraad gebruik nie. Daar is ook 'n verskil tussen *kerk en kerkraad*. Dr. G. P. L. v.d. Linde sê dus tereg, in aansluiting by die ouer canonici, dat liewers van 'n vergadering of „samekoms van meer kerkrade” gesprek moet word. Die vraag is dus of die term wat in die Hersiene Kerkrade art. 45, 46, 49 ens., voorkom, alle misverstand uitskakel. By wyse van kompromis beskou ons die term „meerdere kerkvergadering” reeds beter omdat dit sterker aan meer kerkrade laat dink. Dit sal egter ons kerkregtelike denke dien, indien 'n bruikbare term in die rigting van Van der Linde se suggestie gevind kan word.

## 6. SLEGS EEN RAAD VAN EN IN DIE KERK.

'n Skrifgebonde kerk- en kerkregeringsbegrip kan geen bipolarêre gesagsfunksie in die kerk erken nie. (Sou die bipolarêre opvatting van Harnack kom?) Daar kan nie 'n onafhanklike „meerdere vergadering” naas die kerkraad in die kerk (gemeente) regeer nie. Prof. W. J. Snyman sê: „Die plaaslike kerke (ecclesiae) is niks anders as die universele kerk nie (d.i. die enige volk van God, liggaam van Christus en tempel van die Heilige Gees). Daarom moet hierdie kerke met mekaar in verband tree. Kerkverband vloei nie slegs uit die wese van die kerk voort nie, maar is ook uitdruklik in die Nuwe Testament gegee . . . Kerkverband beteken nie die vorming van 'n nuwe kerk, as derde kerkbegrip naas die universele en plaaslike kerk nie . . . die plaaslike kerk is die universele kerk op 'n bepaalde plek. By kerkverband gaan dit nie om meerdere volledigheid van die plaaslike kerke nie. Elke afsonderlike kerk is 'n volledige kerk . . . Maar selfs dan nog, . . . is dit tog ook weer 'n deel van die geheel . . .”<sup>25</sup> Dit volg logies dat die kerkraad ook die volledige raad van die kerk op 'n bepaalde plek is en die orgaan vir die funksie in die geheel is. Hierdie gevolgtrekking steun volkome op art. XXX N.G.B. Daarmee is die opvatting van M. Bouwman, wat selfstandige vergaderinge met „meer” gesag naas die kerkraad bepleit, veroordeel.

Die sogenaamde „meerdere vergaderinge” is dus 'n wyse waarin elke kerkraad as deel van die geheel, saam met ander kerkrade besluite neem. Wat kan daardie besluite anders as *kerkraadsbesluite* wees? Dit is besluite van die raad van die kerk saam met ander kerkrade vir die kerk geneem.

Die vergaderinge van 'n kerkraad saam met ander kerkrade in klassis of Sinode, is gevolglik uiteraard tydelik van aard en hou op om te bestaan wanneer dit sluit, terwyl die besluite volgens die onderneming in die geloofsbriewe deur elke kerkraad, as die enigste en permanente raad van die kerk, nageleef word. Telkens kom die kerkrade weer saam, konstitueer opnuut 'n Klassis of Sinode, maar verloor nie daarmee hulle bestaan

nie en los nie in so 'n „nuwe” raad vir die kerke op nie. Die besluite van dié kerkrade in verband met mekaar geneem, dra die gesag van en is die verantwoordelikheid van die kerkrade wat dit geneem het. Of 'n besluit deur 'n kerkraad alleen of in kerkverband saam met ander kerkrade geneem is, dit bly tog in wese 'n besluit van die kerkraad en nie van persone nie. Die kwalitatiewe voordele en voortrefflikhede van besluite in kerkverband geneem, veral t.o.v. essensiële sake soos Belydenis en Kerkorde, verander nog nie die subjek wat die besluit geneem het nie.

(Hierteenoor kan die bedenking geopper word dat 'n kerkraad as gevolg van die „getrapte” afvaardiging nie besluite in Partikuliere of Nasionale Sinode neem nie. Die „getrapte” afvaardiging is egter slegs 'n modus-verandering wat geen wesenlike meebring nie. In die Kerkorde het die kerke die wyse vir hulleself aanvaar. Die kerkregtelike grondslag is soos volg: Die kerkrade laat hulle met las deur verteenwoordigers in die klassis verteenwoordig; die betrokke Klassis laat hom weer met las vir 'n konsentrië kleiner-wordende agenda (art. 30 en 33 K.O.) in die Part. Sinode en laasgenoemde op dieselfde wyse hom in Nasionale Sinode verteenwoordig. Dit geskied slegs weens praktiese en nie vanweë prinsipiële noodsaak nie. In wese is die samekoms van kerkrade in klassis uiteindelik langs getrapte wyse in Nasionale Sinode byeen<sup>26</sup>. Die omvattende agenda wat by die kerkrade begin het, word so langs die kerklike weg ordelik afgehandel.)

## 7. DIE VALSE PROBLEEMSTELLING VAN AFGELEIDE GESAG VIR MEERDERE VERGADERINGS.

Na voorgaande betoog sou ons nie verwag het dat 'n vraag sou opduik oor die bron waaruit gesag vir meerdere vergaderings „afgelei” moet word nie. Die oomblik wat hierdie vraag gestel word, word implisiet veronderstel dat die „meerdere vergadering” 'n selfstandige liggaam buite die kerkraad is, want 'n mens moet tog iets van een punt na 'n ander punt aflei. Indien die kerkrade individueel en in kerkverband besluite neem en dit hulle besluite is, is daar geen probleem om die herkoms van die gesag te bepaal nie.

Ongelukkig het die ouer canonici sedert die Doleansie hierdie probleem geskep. Dit moet uit die tydenootlike omstandighede verklaar word. Die ou reglynige Gereformeerde kerkregeringsbegrippe sedert die Reformasie is in 1816 vervang met die kollegialistiese Algemeen Reglement wat koning Willem vir die Nederlandse Hervormde Kerk ontwerp het. Daarin was die kerkbestuur saamgetrek in besture wat uit die Sinode, 'n klein oligargiese liggaam, ontspring het. Die sinodale magte is kragtens die Reglement in hande van sinodale en klassikale besture gedelegeer „sodat dit tydens die Doleansie uitloop op 'n stryd tussen kerkrade wat aanspraak maak op hulle Skriftuurlike reg tot regering en kerkverbandsbesture wat aanspraak maak op hulle gesag kragtens Reglement. So veg Rutgers en De Savornin Lohman met „De Rechtsbevoegdheid onzer plaatselijken Kerken” vir die kerkraad, terwyl H. G. Kleyn die bipolêre struktuur verdedig met „Algemeen Kerk en plaatselijke gemeente”. Die Skriftuurlike regte van die kerkraad is benadruk in die magistrale werk van A. Kuyper, „Tractaat van de Reformatie der Kerken”, hoewel hy miskien die aangaan van kerkverband sonder dat hy dit bedoel het, betreklik willekeurig gestel het<sup>27</sup>. Hierdie siening leef in resente tye nog sterk naby die voorstanders van die ratifikasie-reg vir kerkrade t.o.v. besluite van meer-



dere vergaderings, 'n opvatting wat ook die bipolêre bestaan van kerkrade en meerdere vergaderings veronderstel<sup>28</sup>. Dit skyn asof die polemiese beklemtoning van die regsbevoegdheid van die kerkraad teenoor die Hervormde kerkbesture, die ouer canonici verlei het. Na 'n suiwer konstruksie van die wese van „meerdere vergaderings” as bestaande uit kerkrade en nie uit persone nie, het hulle tog weer die meerdere vergaderings selfstandig teenoor die kerkraad beskou, soos hulle dit in die Hervormde kerkregering geken het. Hulle onderskei dus feitlik almal (Rutgers, Bouwman, Biesterveld, Joh. Jansen in sy eerste periode, e.a.)<sup>29</sup> tussen oorspronklike gesag by die kerkraad en afgeleide gesag in die meerdere vergadering. S. Greijdanus<sup>30</sup> beweer nog in die veertigerjare dat die gesag van 'n meerdere vergadering van heeltemaal 'n ander aard as dié van 'n keerkraad is.

Wanneer 'n mens van A vir B gesag wil aflei, beteken dit dat jy B buite A sien en so word die weg vir die bipolêre opvatting gebaan. Omdat die probleemstelling vals is in die lig van die eenvoudige en reglynige begrip van die meerdere vergadering as 'n vergadering van kerkrade, ontketen dit 'n stryd wat op sy beurt lei tot 'n teenoorgestelde reaksie in die opvatting van M. Bouwman. Sy stryd teen die devaluasie van die „meerdere vergaderinge” lei weer tot die devaluasie van die kerkrade en die aanvaarding van die bipolêre gesagsbegrip in Gereformeerde kringe. Hy sluit openlik by H. G. Klyen aan en aanvaar die Sinode as oorkoepelende kerk, „een nauwere blijvende eenheid, een eenheid in institutairen en korporatiewen zin, waarvan de afzonderlijke kerken, zonder in het groter geheele opgelost te worden, gezegd kan worden deelen te zijn”<sup>31</sup>. Hy opereer dus in die rigting van die holistiese filosofie van genl. J. C. Smuts. Die groter geheel is ook „kerk” in institutaire sin<sup>32</sup>. As unio ecclesiarum, corpus synodicum, het dit ook blywende mag naas die kerkraad. Die mag is selfs groter as die van die kerkraad<sup>33</sup>. Hy sê „een plaatselijke kerk bezit nooit alleen synodalen macht”<sup>34</sup>, terwyl ons sou vra wie anders as 'n kerkraad is bekleed met sinodale mag wanneer hy die Belydenis handhaaf of 'n besluit in sinode geneem, uitvoer? Dit word slegs 'n onmoontlikheid wanneer kerkraad en sinode as twee pole teenoor mekaar gestel word. Dit doen M. Bouwman, want hy sê: „Een classis of synode is nu eenmaal geen kerkraad”<sup>35</sup>.

Hoewel M. Bouwman in die gees van H. G. Kleyn die ouer canonici se devaluasie van die gesag van meerdere vergaderings en hulle gevolgtrekking dat laasgenoemde se gesag van die aanwesige kerkrade afgelei word, wou verslaan, het hy in dieselfde probleemstelling verval, omdat hy die gesag weer van die aanwesige ampsdraers afgelei het.

Hierdie kerkregtelike denke het veral na die kerkskeuring van 1944 toenemende invloed in die na-oorlogse kerkregtelike ontwikkeling van die Gereformeerde Kerke van Nederland verkry. Dit word weerspieël in art. 31 (2) van die nuwe Kerkorde wat die Sinode van Assen in 1958 aanvaar het: „Er zijn vier gewone vergaderingen: de kerkeraad, de classis, de particuliere synode en de generale synode. Van de kerkeraad worden de drie andere vergaderingen onderscheiden als meerdere vergaderingen.”

Hoe subtiel en diepgewortel die gedagte aan twee pole, kerkraad en meerdere vergadering, ingegrawe is en hoe lig dit lei tot 'n verselfstandiging van laasgenoemde naas eersgenoemde, tree ook by dr. G. P. L. van der Linde aan die lig. Hy beredeneer tereg dat meerdere vergaderinge saamgestel is uit kerkrade<sup>36</sup>, en sê ewe tereg „Die meerdere vergadering staan

dus nie los van of verhewe bo die kerkraad as 'n nuwe regeerliggaam nie"<sup>37</sup>. Wanneer hy egter ook vir die gedagtes van M. Bouwman oor die aanwesigheid van ampsdraers plek inruim, lei dit tog na die verselfstandiging van en skeiding tussen kerkraad en meerdere vergadering en gevolglik wel tot 'n nuwe regeerliggaam naas die kerkraad. Hy sê: „Die amp is van wesenlike betekenis vir die samestelling van meerdere vergaderings, maar dit mag nie van die afvaardiging deur kerkrade losgemaak word nie. Meerdere vergaderings kan alleen saamgestel word uit afgevaardigde ampsdraers van kerkrade van plaaslike kerke . . . As beide die afvaardigings- en ampskarakter van die meerdere vergaderings so in die oog gehou word, sal die selfstandigheid van sowel die kerkrade as van die ampsdraers as gesante van Christus behoue bly"<sup>38</sup>. Hy probeer dus om die uitgangspunt van die ouer canonici nl. die verteenwoordiging van kerkrade, saam met dié van M. Bouwman, nl., „selfstandigheid . . . van die ampsdraers”, handhaaf. Uit sy daaropvolgende ontleding is dit tog duidelik dat die meerdere vergaderinge nou op grond van die aanwesigheid van „ampsdraers” verselfstandig word en hy moet dus sê: „Die plek wat die kerkverband, soos georganiseer in die meerdere vergaderings, ten opsigte van die kerkregering inneem, verskil dus geheel en al van die wat die kerkraad inneem. Die kerkraad se gesag word nie in die minste deur die van meerdere vergaderings aangetas nie. Die kerkraad bly die liggaam waardeur elke kerk geregeer word, terwyl die meerdere vergaderings daartoe dien dat die kerkrade hulle roeping . . . vervul"<sup>39</sup>. Hy kom met 'n beroep op Nauta, M. Bouwman, Oranje, e.a., tot die gevolgtrekking dat meerdere vergaderings „selfstandige, outoritiewe mag” en „jurisdiksie oor die plaaslike kerkrade” het<sup>40</sup>. Hy wys aan meerdere vergaderings „'n eie terrein” vir die kerkregering toe<sup>41</sup>. Hoewel dit nie die mag van die kerkraad uitsluit nie, neem hulle 'n plek in naas die van die kerkraad"<sup>42</sup>. Sodoende het daar dan tog 'n nuwe regeerliggaam, los van en in 'n sekere opsig onafhanklik van en selfs op „eie terrein” verhewe bo die kerkraad tot stand gekom.

Vir hierdie verwarring wat oor die hele linie van Gereformeerde kerkregtelike denke sedert die Dolcansie strek, en soms ook weer met 'n beroep op 'n ratifikasiereg en die outonomie van die kerkraad teenoor die meerdere vergadering na regs in independentistiese vaarwaters neig, blameer ons die dikwels onbewuste aprioriese aanvaarding van twee selfstandige pole, kerkraad en meerdere vergadering, en die voortvloeiende probleemstelling om gesag vir die meerdere vergaderings af te lei. Die verwarring slinger dan van onder- tot oorbeklemtoning van die raad van die kerk ten opsigte van sy individuele en gesamentlike vergaderinge met ander kerkrade.

Voetius vergelyk die meerdere vergaderinge iewers met 'n unie, federasie, huwelik, ens., tussen kerke. Word iemand 'n selfstandige persoon teenoor homself wanneer hy in die huwelik getree of 'n unie met 'n ander aangegaan het?

## 8. GEVOLGTREKKING.

Daar is slegs één gesag in die kerk, naamlik die gesag van die Koning van die Kerk wat Hy uitoefen met sy Woord onder leiding van die Heilige Gees. Christus bedien Hom egter in die kerkregering van menslike bedienaars van hierdie gesag, naamlik kerkregeerders (oudstes, opsieners, herders). Hulle feilbaarheid om hierdie gesag te bedien en behoefte aan

die leiding van die Heilige Gees vereis dat hulle met die oog op die regering van die kerk (gemeente) in 'n raad van die kerk (prebiterion, 1 Tim. 4:14) sal saamkom. Wesenlik beslaan hierdie regering die hele terrein van die kerk.

Sonder om die eksegeese van Hand. 15 en Gal. 2 so ver te rek om op sterkte daarvan selfstandige meerdere vergaderings 'n normatiewe gegewene te maak (waaroor Skrifverklaarders skerp sal verskil), is die voorbeeld van oorleg tussen verteenwoordigers van kerke en die aanspraak op die leiding van die Heilige Gees in die besluite gegee. Daarbenewens maak die wese van die plaaslike kerk as openbaring van die universele kerk, die onderhouding van kerkverband nie slegs wenslik nie, maar noodsaaklik. Op grond van en terwille van die eenheid in Christus onderhou die kerk-rade met mekaar 'n vrywillige en verpligte eenheid op 'n kerkordelike basis. Net so min as wat iemand wat in die huwelik tree of 'n instansie wat 'n unie of federasie aangaan daardeur selfstandig of met 'n ander gesag teenoor homself te staan kom, so min kom daardeur 'n nuwe regeerliggaam naas die kerkraad in die kerk tot stand. Die gesag van besluite deur 'n kerkraad individueel of op sterkte van die oorenkoms in Kerkorde saam met ander kerkrade in kerkverband geneem, bly wesenlik dieselfde gesag, wat uiteraard ook nooit van die kerkraad of van die meer kerkrade in meerdere vergadering of van pesone afgelei kan word nie, maar regstreeks aan Christus ontleen word.

Die regering van die kerkraad beslaan die hele veld van die kerk, terwyl hy in sy samekomste met meer kerkrade volgens kerkordelike oorenkoms sekere aspekte van kerkregering afhandel (vgl. art. 30, 33 K.O.). Die bevoegdheid van vergaderinge van meer kerkrade word dus kleiner, terwyl die effektiwiteit groter word as gevolg van meerdere objektiwiteit, insig, ervaring, ens. Dit doen egter niks af van die wesenlike feit dat die besluite van kerkrade in vergaderinge van meer kerkrade geneem, besluite is van die verteenwoordigde kerkrade en dus dieselfde gesag as dié van 'n kerkraadsbesluit dra nie.

Gelewer voor G.T.V. Potchefstroom 17/1/67)

B. Spoelstra.

1. *Ophouw*, 30.12.1966, p. 294.
2. *Die Kerkblad* Julie-Aug. 1966, veral die eerste drie artikels oor Universele, Plaaslike Kerk en kerkverband; „Die gebruik van die woord „Kerk” in die Nuwe Testament”, 29.11.1948.
3. *Institusie IV*, hfst. III, par. 1.
4. Art. XXX en XXXI, Ned. Geloofsbelydenis.
5. *Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis*, IV, p. 22 e.v.
6. G. P. L. van der Linde, *Die grondbeginsels van die presbiteriale kerkregering-sielsel*, p. 142.
7. F. L. Rutgers, *De Geldigheid der oude K.O.*, p. 17, re Emden.
8. *Ibid.*, p. 21 e.v.; H. Bouwman: *Gereformeerde Kerkrecht II*, p. 14-28, 64 e.v., 128.
9. Vgl. art. 41, 47, 50 K.O. Dat hierin n sekondêre en geen prinsipiële bepaling gegee word, is duidelik uit die gevalle waar diakens as verteenwoordigers toegelaat is. Voetus erken uitsonderlike gevalle waar „laici” afgevaardig word. H. Bouwman, *a.w.*, p. 135, doen dieselfde. Diegene wat egter die „amp” wesenlik vir die meerdere vergadering veronderstel, moet dit verwerp, vgl. G. P. L. van der Linde, *a.w.*, p. 143 en verwysing 142.
10. H. Bouman, *a.w.*, p. 28.

11. *Ibid.*, p. 28; Voetius was op die punt reeds uitgesproke, vgl. M. Bouwman, *Voetius over het gezag der Synoden*, p. 95 e.v.
12. H. Bouwman, *a.w.*, p. 17.
13. *Ibid.*, p. 59.
14. *Ibid.*, p. 60.
15. *Ibid.*, p. 62. By ons was enkele jare gelede gedrukte kredensiebriewe in omloup waarin die binding aan die Kerkorde nie genoem is nie. Hoe dikwels is dit gekorrigeer of net so aanvaar?
16. M. Bouwman, *a.w.*, p. 4 e.v.
17. *Ibid.*, p. 86. Sy kursivering van *delegatis* teenoor Voetius se nadruk op *ecclesiarum*, verander die sin.
18. *Ibid.*, p. 14.
19. *Ibid.*, p. 90 e.v.
20. *Ibid.*, p. 95.
21. In die Roomse kerkregering vind ons dat die pous kragtens suksessie as opvolger van Petrus en verteenwoordiger van Christus amptelike selfstandigheid verkry.
22. M. Bouwman, *a.w.*, p. 93 e.v.
23. H. Bouwman, *a.w.*, p. 21.
24. Rutgers, *a.w.*, p. 17, nota 2 en p. 19.
25. *Die Kerkblad*, 27.7.9166.
26. Vgl. Van der Linde, *a.w.*, p. 145 e.v.; H. Bouwman, *a.w.*, p. 16.
27. Vgl. A. Kuyper, *Tractaat van de Reformatie der Kerken, II*, par. 13-32.
28. L. S. Kruger, e.a., *Handleiding by die K.O. van die Geref. Kerk in S.A.*, p. 195 e.v.
29. Vgl. P. Biesterveeld e.a., *Diaconaal Handboek*, p. 391.
30. S. Greijdanus, *Schriftbeginselen van kerkrecht inzake meerdere vergaderingen*, p. 15.
31. M. Bouwman, *a.w.*, p. 64, 68 e.v.
32. *Ibid.*, p. 71-74.
33. *Ibid.*, p. 177.
34. *Ibid.*, p. 180, nota 2.
35. *Ibid.*, p. 174.
36. Van der Linde, *a.w.*, p. 141 e.v.
37. *Ibid.*, p. 143.
38. *Ibid.*, p. 145 e.v.
39. *Ibid.*, p. 148.
40. *Ibid.*, p. 151.
41. *Ibid.*, p. 153. Hierdie gedagte dat kerkrade en meerdere veragderinge naas mekaar aanvullend op eie terreine werk, hou gevaarlike konsekwensies in.  
42. *Ibid.*, p. 152.